Die Voortrekkers

OMSENDBRIEF 2/2018

16 April 2018

Beste Offisiere

## Voorwoord 2018

*AGL Lizle van Tonder*

Welkom terug aan almal en sterkte vir ‘n baie bedrywige tweede kwartaal.
Verlede jaar het ons diep Voortrekkerspore getrap en hierdie jaar moet ons vorentoe in daardie spore. So dikwels is dit moeilik en ons val vas in uitgetrapte spore. Dit is dan hier waar die domkrag, graaf en allerhande hulpmiddels verkry moet word om vorentoe te gaan.

Om nie vas te val nie moet ons ons oë gevestig hou op ons Hemelse Vader en uit die verlede neem en ‘n helder toekoms daarop bou. Dit is so belangrik vir ons as volwassenes om die pas te loop waaraan die kind gewoond. Durf ons te moeilike paaie aan, verloor ons die kind langs die pad. Neem ons die maklike pad, kan die kind ons dalk vooruit hardloop en ons verloor hom ook. Neem ons die ou pad, kan die moderne kind nie daarop voortgaan omdat hy gerat is vir ‘n ontwikkelende tegnologiese pad.

Ons moet onthou dat die kinders baie slim is. Indien ons nie goed ge-olie is en al ons dele goed werk nie, sal hulle baie gou agterkom dat hulle nie die pad wil vat met toerusting wat nie werk nie. Ons moet toegerus wees met al die toerusting wat die pad van ons vereis. Ons moet ook toegerus wees met toerusting vir die onvoorsiene.

Kom ons ry die Voortrekkerpad vorentoe met die beste motors vir alle soorte paaie.

## Gebiedsleier aan die woord

***Is Die Voortrekkers ‘n gebalanseerde beweging?***

Stephen Covey, die bekende skrywer van onder andere “Seven Habits of Highly Effective People” en “The 8th Habit”, het gesê dat die mens uit vier dele bestaan:

1. Liggaam

Plattekloofweg /2 Diazlaan
MONTE VISTA
7460

079 178 6858 / 021 558 7706
kplvoort@iafrica.com
www.houkoers.co.za

Gebiedsleier: Anton Erwee, Gebiedsekretaris: Juanine Kok,
Adjunkgebiedsleiers: Johan Minnie, Johan Maree,
Hannalize Varley, Lizle van Tonder, Riana Breytenbach

2. Verstand
3. Emosie
4. Gees/siel

Dit is soos vier kamers in ‘n huis. Om ‘n gebalanseerde mens te wees moet jy elke dag al die kamers ten minste een keer besoek. Al is dit slegs om die kamer bietjie lug te gee.

Ek het bietjie gaan nadink oor hierdie teorie en tot die besef gekom dat die Voortrekkers ook hierdie teorie deel. In ons beweging word spesifiek aandag gegee aan elk van die vier kwadrante.

**LIGGAAM**
Almal weet dat ‘n gesonde liggaam huisves ‘n gesonde verstand. ‘n Gesonde liggaam gee ook selfvertroue. In die Voortrekkers kry kinders by uitstek die geleentheid om fisiek te ontwikkel. Dit word bereik deur ‘n groot verskeidenheid van kampe en aktiwiteite in die veld of langs die see. In die vorm van selfbehoud of oorlewing of deur roei of seil of veldvernuf of nagmarse. Die lys is baie lank. As daar een ding is waaraan die Voortrekkers nie ‘n tekort het nie, dan is dit AVONTUUR.

**VERSTAND**
Ons gee kinders die geleentheid om in ‘n groep te redeneer oor sake van die dag. ‘n Mens kan mos nie ‘n verskil maak as jy nie weet wat om jou aangaan nie. Ons leer leierskapstegnieke. Ons doen oefeninge om natuurlike leierskap te ontwikkel. Ons gesels oor tydsbestuur, beplanning, delegering en samevatting. Ons gesels ook oor ons volk se geskiedenis. Ons leer onsself ken.

**EMOSIE**
Ons praat in spanbyeenkomste oor groepsdruk en watter probleme en emosies elke dag deur die kind ervaar word. Ons lag saam, ons huil saam. Ons word saam groot as ‘n span en spanlede en offisiere bou oor jare ‘n hegte en unieke band. Dit is in elk geval my opinie dat die unieke verhouding tussen jeuglede en offisiere een van die groot suksesse van die Voortrekkers is.

**GEES/SIEL**
Alles in die Voortrekkers wentel om ons God. Ons praat in die Voortrekkers van die Groot “C” van die ABC (Afrikanerskap, Burgerskap, Christenskap). Niks in die Voortrekkers sal wees sonder ons God nie. Die Voortrekkers sal nie bestaansreg hê sonder dat God sentraal staan tot ons beweging nie.

Sterkte met die 2de kwartaal. Geniet hom!

Hou Koers,
GL Anton Erwee

# 1. Administrasie, Organisasie en Kommunikasie

*AGL Juanine Kok*

## 1.1 Kaapland Kwartaal 2 program

| Die Voortrekkers | | | |
|---|---|---|---|
| **Kaapland Jaarprogram 2018 - Kwartaal 2** | | | |
| **Maand** | **Dag** | **Datum** | **Aktiwiteit** |
| **April** | Di | 10 | Skole open |
| | Sa | 14 | P/D Gebiedskamp Nabetragting en P/D Taakgroep Vergaderig |
| | Vr - Sa | 13 - 15 | Hoofdagbestuursvergadering |
| | Ma | 16 | PV Eksamen |
| | Vr | 27 | Vryheidsdag |
| | Ma | 30 | Skole Vakansiedag |
| | **Ma** | **30** | ***Laaste dag vir betaling van registrasiegelde vanaf Voortrekkerkommando's aan Gebiedskantoor*** |
| | Ma | 30 | *SAS: Stelsel sluit vir oordra van lidmaatskap en gelde* |
| **Mei** | Di | 1 | Werkersdag |
| | Wo | 2 | PV Siekte Eksamen |
| | Vr - Sa | 4 - 5 | WK - P/D Spesialisasie Naweek - Graad 4 - Groot Trek |
| | Vr - Sa | 4 - 5 | WK - P/D Spesialisasie Naweek - Graad 5 - Fietskunde |
| | Vr - So | 4 - 6 | WK - P/D Spesialisasie Naweek - Graad 7 -Voorslag Afronding |
| | Vr - So | 4 - 6 | WK - Verkenners Spesialisasie Naweek |
| | Sa - So | 5 - 6 | WK - P/D Spesialisasie Naweek - Graad 3 - Jnr Godsdiens |
| | Do | 10 | Hemelvaart |
| | Vr - So | 11 - 13 | Hoofbestuursvergadering & NK Komitees |
| | Sa - So | 12 - 13 | OK - Volwasse Opleiding: (Oos-Londen uitreik) |
| | So | 13 | Moedersdag |
| | Vr - So | 18 - 20 | NK - Volwasse Opleiding |
| | Vr - So | 18 -20 | Oos-Kaap - Jnr. Oord Hanekamkamp - Graad R |
| | Vr - So | 18 -20 | Oos-Kaap - Jnr. Oord Hanekamkamp - Graad 1 - Diaz |
| | Vr - So | 18 -20 | Oos-Kaap - Jnr. Oord Hanekamkamp - Graad 2 - Ou Kaap |
| | Vr - So | 26 - 27 | Oos-Kaap - Jnr. Oord Hanekamkamp - Graad 3 - Immigrante |
| | Vr - So | 25 - 27 | VOLLE GEBIEDSDAGBESTUURS- & GEBIEDSKOMITEE VERGADERINGS |
| | ***Do*** | ***31*** | ***Indiening van Getroue Diensjaar aansoeke vir 25 jaar plus*** |
| **Junie** | Ma | 4 | PV Kampinskrywings sluit |
| | Vr - So | 8 - 10 | Hoofdagbestuursvergadering |
| | Vr - So | 15 - 17 | WK - P/D Spesialisasie Naweek - Graad 6 - Volksdanse |
| | Sa | 16 | Jeugdag |
| | So | 17 | Vadersdag |
| | Vr | 22 | Skole Sluit |
| | Vr - So | 22 - 24 | OK - Sr. Hanekamkamp - Graad 4 - Groot Trek |
| | Vr - So | 22 - 24 | OK - Sr. Hanekamkamp - Graad 5 - Delwerye |
| | Vr - So | 22 - 24 | OK - Sr. Hanekamkamp - Graad 6 - ABO |
| | Vr - So | 22 - 24 | OK - Sr. Hanekamkamp - Graad 7 - Afrikanergeskiedenis |
| | Vr - So | 22 - 24 | NK - Meerkat Uitdaagreeks Gr 6 & Gr 7 |
| | Vr - So | 22 - 24 | NK - Verkenner Kuierkamp |
| | Sa - Ma | 23 - 25 | WK - Ruiterkuns A Gr 7 |
| | Ma - Wo | 25 - 27 | WK - Ruiterkuns B Gr 7 |
| | So - Vr | 24 - 29 | WK - Verkenner WWWK |

**1.2 Oorbetaling van registrasiegelde vir 2018**

a) Oorbetaling van registrasiegelde vanaf Voortrekkerkommando's aan Gebiedskantoor moet asseblief teen Maandag 30 April 2018 geskied.

b) 'n Opsomming van registrasiebetalings moet tesame met die bewys van betaling aan Gebiedskantoor gestuur word. Maak asseblief seker dat die opsomming ooreenstem met die lederegistrasies op SAS vir 2018.

c) 'n Voorbeeld van so 'n opsomming sal soos volg lyk:

| 2018 Registrasiegelde oorbetaling van Kommando X: | |
|---|---|
| Jeuglede (P/D): | 25 |
| Jeuglede (Verk.): | 5 |
| Offisiere: | 10 |
| Staatmakers: | 2 |
| Heemraadslede: | 2 |
| Totaal: | 44 |
| | |
| Ander lede (nie betalend): | |
| Ererlede: | 2 |
| Ontdekkers: | 3 |
| Jeugvriende: | 1 |
| Totaal: | 6 |
| | |
| Groottotaal: | 50 |

d) 'n Opsomming soos hierbo sal die rekonsiliasie in Gebiedskantoor baie vergemaklik en ons maak staat op u samewerking in die verband.

e) Maak seker dat alle lede korrek geregistreer of degeregistreer is op SAS vir 2018 en onthou om die betalings aan te dui op die ledelys.

**1.3 Sentrale Administrasie Stelsel (SAS)**

Voortrekkerkommando's en stelseladministrateurs word bedank vir hul hulp met die byhou van die SAS stelsel. Aangesien verslae se akkuraatheid afhanklik is van data wat in die stelsel gevoer word, word versoek dat alle Voortrekkerkommando's se geskiedkundige inligting van jeuglede en volwasse lede wat nog nie opdateer is nie, teen die 4de kwartaal van 2018 op datum sal wees.

Ek verwys graag na 'n uittreksel vanuit die Nasionale Omsendbrief 1 van 2018 wat nasionaal versprei is rakende SAS2.0:

*"Die opgradering van die SAS 2.0 stelsel vorder baie goed en die eerste proeflopie word nou in Namibië gedoen. Ek besef dat daar baie vrae en ongeduld hieroor is, maar vra baie mooi dat almal geduldig moet wees.*
*Die nuwe stelsel sal by die Hoofbestuur in Mei voorgelê word vir goedkeuring*
*Ek wil alle AKL Admin's versoek om 'n Excel lys uit te voer van jul kommando se ledelys (dit bevat AL die informasie per lid van die aktiewe lede vir sy hele geskiedenis) en dit te stoor met datum van uitvoer.*
*Hierdie Excel lyste gaan weer versoek word op later stadium wanneer die migrasie plaasvind. As mens dan die lyste met mekaar vergelyk sal daar dadelik opgetel word as daar verskil is in data.*

***Data raak egter nie verlore uit SAS nie!***
*Die AKL Admin moet dus voortgaan om lidmaatskap en toekennings by te werk soos lidmaatskap-gelde ontvang word vir 2018, volgens die Hoofbestuursbesluit. Slegs wanneer ledegeld by die kommando ontvang is, mag die lid weer herregistreer word."*

**1.4 Getroue diensjaar aansoeke vir 25 jaar plus**

Aangesien die diensjaar toekennings deur Gebiedsbestuur en Hoofbestuur toegeken word, word hierdie toekennings tesame met al die ander toekennings op gebiedsvlak en hoër, oorhandig tydens die onderskeie oorhandigingsfunksies van die betrokke provinsies.

Die sluitingsdatum vir indiening van diensjaar toekennings is op 31 Mei by die Gebiedskantoor. Teen hierdie datum behoort die betrokke AKL Admin al te weet watter lede in aanmerking kom vir hierdie toekennings.

Die aansoekvorms is beskikbaar by http://www.houkoers.co.za/Dokumentasie/Vorms

**1.5 Terugvoer 2017 Ledestatistiek**

Tydens die onlangse Gebiedsbestuursvergadering is die ledestatistiek van 2017 onder andere bespreek. Dit verblydend om op te let dat die ledetal van Die Voortrekkers Kaapland in 2017 gegroei het met 7,5%.

Die volgende Voortrekkerkommando's het met 10% en meer groei in ledegetalle in 2017: President, Tierkop, Kraaifontein, Bellville Oom Vossie, De Kuilen, Ceres, Pres. CR Swart, Swartland, Weskus, Somerset-Wes, Suidpunt, Oos-Londen, Somerset-Wes. Baie geluk – bou voort hierop!

**1.6 Ronel Hattingh Trofee**

Hierdie trofee word jaarliks aan 'n Voortrekkerkommando met uitmuntende administrasie en goeie deelname toegeken.

Die Ronel Hattingh trofee vir 2017 is aan Gamtoosvallei Voortrekkerkommando, in oord Oos-Kaap toegeken.

**1.7 Welkom aan nuwe Voortrekkkerkommando's!**

Die volgende twee Voortrekkerkommando's is formeel in Kaapland gestig tydens die eerste kwartaal: Douglas Voortrekkerkommando in die Noord-Kaap en Moorreesburg Voortrekkerkommando in oord Boland in Wes-Kaap.

'n Woord van dank aan die onderskeie Oordleiers en offisiere wat behulpsaam was by die stigtingsproses. Baie welkom aan die nuwe offisiere en ons sien uit daarna om die nuwe gesigte by ons aktiwiteite te sien. Mag Voortrekkerwees vir julle 'n besonderse ervaring wees.

Baie sterkte en voorspoed vir die kwartaal wat voorlê. Kom ons streef daarna om kwaliteit aktiwiteite aan te bied, goeie rolmodelle te wees, 'n positiewe gesindheid teenoor mekaar te hê sodat ons meer jeug- en volwasse lede kan wen vir Die Voortrekkers, WANT Die Voortrekkers Kaapland KAN....Voortrekkers Vorentoe!

## 2. Penkoppe en Drawwertjiesake

*AGL Riana Breytenbach*

Die eerste 25 P/D aktiwiteite, naweke en kampe is reeds verby en ek glo Kaapland is nou vol begeesterde offisiere en Penkoppe en Drawwertjies wat nie kan wag dat die volgende aktiwiteit of kamp aanbreek nie. Die programme wat aangebied is, is werklik van hoogstaande gehalte en bied ’n wye verskeidenheid aktiwiteite. Dankie aan elke offisier wat Voortrekkers vir ons kinders lekker maak.

Hierdie kwartaal deel ek met julle ‘n paar belangrike administratiewe aspekte rondom P/D sake.

### 2.1 Prosedure vir aansoek van Gebiedsgoedgekeurde Aktiwiteite, Naweke en Kampe

Aansoeke vir gebiedsgoedkeuring vir ‘n P/D kamp, naweek of aktiwiteit word gedoen met ‘n gestandaardiseerde aansoekvorm wat by die voorsitters van die verskillende taakgroepe beskikbaar is.

| | |
|---|---|
| Noord - Kaap | Jomarie Kilian |
| Oos-Kaap | Lizan Burger |
| Wes-Kaap | Pieter Richards |

Alle aansoeke moet asseblief ook na die Taakgroepvoorsitters gestuur word. Sodra die program gekontroleer is, sal ’n Gebiedsgoedgekeurde nommer aan u kamp, naweek of aktiwiteit uitgereik word. Hierdie nommer moet asseblief op die sertifikaat verskyn.

Na afloop van elke gebiedsgoedgekeurde kamp, naweek of aktiwiteit moet ‘n verslag saamgestel word deur die kampleier/projekleier wat dan versend word aan die AGL P/D Sake sowel as aan die betrokke provinsie se P/D taakgroepvoorsitter.

Hierdie vorms sal binnekort op die Kaaplandse Webtuiste beskikbaar wees.

### 2.2 Nuwe Spesialisasies

Daar is blykbaar reeds nuwe spesialisasies op die Voriemôl se webblad gelaai. Daar is nog geen nuwe spesialisasies deur NK P/D Sake goedgekeur nie. Daar is wel ’n paar nuwe spesialisasies wat later bekendgestel gaan word, maar die taakgroepvoorsitters sal u daarvan in kennis stel sodra dit goedgekeur is.

### 2.3 Voorslag

Ek vertrou al die graad 7 spanoffisiere het reeds ‘n kopie van die 2018 Prospektus onder oë gehad en weet wat sy of haar spanlede nog moet bywoon om te kwalifiseer vir Voorslag.

Gebruik asseblief die Voortrekker Toep vir slimfone om jou te help met jou voorbereiding vir Voorslag. Daar is baie oulike idees om die Gr 7 Graadwielwerk interessant te maak.

### 2.4 Voorslagliedjies

Let asseblief daarop dat die woorde van Lied 037 “Dis ’n Land” soos in die nuwe Voortrekker Sangbundel en soos in die “Voorslagliedjies 2018” wat op die webblad beskikbaar is, verskil van die opnames van Carike Keuzenkamp en Johan Stemmet. Die woorde is wel reg op Die Voortrekker Toep (App). Ongelukkig is daar nog nie instrumentale opnames beskikbaar vir vanjaar se liedjies nie. Kostes hieraan verbonde is net te hoog.

Ek wens vir al Kaapland se Ontdekkers, P/D's en die offisiere wat met hulle werk, 'n lekker en opwindende tweede kwartaal toe.

## 3. Verkennersake

*AGL Hannalize Varley*

Dankie aan elke volwassene wat die eerste kwartaal betrokke was by verkennerspanne, aktiwiteite en kampe vir julle entoesiasme en betrokkenheid!

### 3.1 PV Teoretiese eksamen

Maandag 16 April 2018 skryf 99% van Kaapland die eksamen elektronies! Die kinders het 'n toetslopie gehad in Maart en dit het werklik baie goed verloop. Die webblad waartoe net hulle toegang het, het ook die volgende gebied ter voorbereiding van hulle eksamen:

- 'n Tweede Toetslopie eksamen wat hulle kon aflê
- Ou vraestelle
- Vasvrae waar hulle hul kennis kon toets

Die verkenners wat elektronies skryf verkry hulle punte onmiddellik met die instuur van hul antwoorde en hulle kan ook sien waar hulle foute gemaak het. Die verkenners wat skriftelik skryf gaan moet wag totdat dit nagesien is, soos voorheen.

23 April 2018 – Spesiale/Siekte eksamen
Die elektroniese era is waarmee die jeug vandag gemaklik en vertroud is.

### 3.2 PV Afrondingskamp

Die datums van toepassing na die uitnodiging na die Afrondingskamp in Mei maand gestuur word:

- 8 Junie 2018 – Sluitingsdatum vir Afrondingskamp
- 7-11 Julie 2018 - Afrondingskamp te Hartebeesfontein

### 3.3 Verkennerlewe

Alles wat u in die toekoms oor Verkenners wil weet, sal op die skakel hieronder gelaai wees, alle dokumentasie en ook vorms.

- http://www.houkoers.co.za/Dokumentasie/Literatuur Verkenners Hulpmiddels
- PV vir Melkkoeie – dit is 'n hulpmiddel/kort opsomming van die Verkennerlewe
- Verkennerwerk per graad uiteengesit deur die Vrystaat
- Grondslag, wese & nuwe Voortrekkerkodes op kongres goedgekeur

Die nuwe verkennerlewe sal binnekort bekend gestel word. Julle moet dit dan asseblief deurlees en is welkom om dit te begin gebruik, maar voorstelle en aanbevelings van enige aard moet asseblief dringend aan my deur gegee word, voor ***31 Oktober 2018 – hannalize@synfin.c.o.za*** . In November sal die terugvoer vanaf al die gebiede, inaggeneem word en aanpassings gemaak word om die boek te finaliseer. So die nuwe verkennerlewe sal dan in Janauarie 2019 ingebruik geneem word.

Deel asseblief alle korrespondensie met die verkenners. Dit blyk dat hulle nie ingelig word deur alle kommando's nie en in die proses voel hulle uitgesluit by die Voortrekkerbedrywighede. Weereens, alle voorstelle, aanbevelings en oplossings om ons beweging en veral die opvoeding van ons tieners te bevorder, is baie welkom!

*Let goed op jou lewe en jou leer, volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as díe wat na jou luister – 1 Tim 4:16*

## 4. Volwasse Sake

*AGL Lizle van Tonder*

2018 het afgeskop met 'n baie opwindende Volwasse Opleidingsnaweek op Wemmershoek. Daar was 'n rekord getal offisiere by hierdie geleentheid. Dit is die eerste jaar dat ons van die volwasse saamtrek 'n opleidingsnaweek gemaak het. Gedurende hierdie naweek was daar 71 kursusgangers vir Afrikanerlewe en 3 aanbieders. By Spanhantering was 23 kursusgangers en 3 aanbieders. Bestuur het 6 kursusgangers en 2 aanbieders gehad. By die Voorslagvoorbereiding vir Gr6/7 offisiere was 23 kursusgangers en 2 aanbieders.

Dit was koud en nat die Vrydagaand, maar dit het nie die offisiere afgesit om heerlik om die vure te kuier nie. Ons was ook bevoorreg om die lede van die Hoofdagbestuur by ons te hê vir die naweek.

Daar is ook verskeie Intreekursusse deur die loop van die eerste kwartaal aangebied en ek is opgewonde om te sien dat so baie offisiere die Intreekursusse bygewoon het regoor Kaapland.

Daar is ook nog opleidingsgeleenthede in die pyplyn vir hierdie kwartaal. Sterkte aan almal wat dit reël.

Baie dankie aan Wes-Kaap se volwasse taakgroep met 'n puik opleidingsnaweek. Kom ons bou voort hierop en maak volgende jaar weer so met nog meer offisiere wat dit bywoon.

## 5. Finansies

*AGL Johan Minnie*

### 5.1 Registrasiegelde 2018

Registrasiegelde is jaarliks vanaf 1November betaalbaar en moet voor 30 April oorbetaal word aan die Kaapland se Gebiedskantoor.

Hiermee 'n uiteensetting vir registrasiebetalings:

| Ledegelde vir 2018 | Betaal voor en tot 30 April 2018 | Betaal na 30 April en voor 1 Julie 2018 | Betaal vanaf 1 Julie tot en met 30 Oktober 2018 |
|---|---|---|---|
| **Jeuglede** | R435.00 voortsetting (indien voorheen 'n Voortrekker was) en nuwe lede | R535.00 voortsetting en nuwe lede wat reeds voor April begin bywoon het<br>R435.00 nuwe lede (wat eers in April of daarna begin bywoon) | R535.00 voortsetting<br>R218.00 nuwe lede |
| **Staatmakers** | R435.00<br>(R235 indien genoeg ABC punte) | R435.00 nuwe lede<br>R535.00 voortsetting<br>(R335 indien genoeg ABC punte) | R128.00 nuwe lede<br>R535.00 voortsetting<br>(R335 indien genoeg ABC punte) |
| **Offisiere** | R235.00 | R335.00 voortsetting<br>R235.00 nuwe lede | R335.00 voortsetting<br>R118.00 nuwe lede |
| **Heemraads-lede** | R217.00 | R217.00 | R217.00 voortsetting<br>R108.00 nuwe lede |

a) Indien volle registrasiegeld nog nie betaal is nie, maar die lid wil deelneem aan 'n gebiedsaktiwiteit, kan 'n registrasiegeld deposito, soos deur 'n Kommando bepaal, by die Kommando inbetaal word waarna die Kommando die lid kan toelaat om in te skryf vir gebiedsaktiwiteite.

b) Volle registrasiegelde moet betaal wees aan 'n Kommando om in aanmerking te kom vir toekennings (hfstk 11 reglemente) of om in te skryf vir Voorslag / PV assessering, of om genomineer en verkies te word tot jeugraad of enige bestuursliggaam.

c) Kommando's kan besluit om nuwe lede wat vanaf September aansluit te laat betaal vir aansluiting, maar indien hulle nog nie aan gebiedsaktiwiteite deelneem nie, die betaling te ag as deposito vir die volle betaling van registrasiegelde vir die volgende jaar.

d) Indien persone aansluit / voortsit vanaf 1 Julie gebeur dit met dien verstande dat getroue diens kentekens (skeie) na oordeel van die Kommandobestuur toegeken word in ag geneem dat graadwielwerk afgehandel moet word en bywoning persentasie in ag geneem word en erkenning vir spesialisasies verwerf word.

e) Versekering is in werking sodra 'n voornemende lid se aansoekvorm of bestaande lid se voortsettingsvorm volledig ingevul, onderteken en goedgekeur is.

f) Oorbetaling van registrasiegeld aan Kaapland Gebiedskantoor gebeur op die laatste op die volgende datums:
   i. 30 April
   ii. 30 Junie
   iii. 30 November

### 5.2 Versekering van gebou

Die onlangse amperse afbrand van die Van Stadensterrein en die gereelde bedreiging van Wemmershoek, veral in die huidige droogtetoestande, herinner ons aan die kwesbaarheid van ons Voortrekkereiendomme.

Ek wil graag ‘n beroep doen op elke bestuursliggaam om te bevestig dat die eiendomme wat deur hulle bestuur word wel toepaslik verseker is. Met ‘n groter portefeulje van eiendomme sal Kaapland Voortrekkers u kan help met goedkoper versekering as wat u individueel sou kon bekom, so maak gerus kontak indien u belangstel in ‘n kwotasie of weer wil kyk na u versekering.

### 5.3 Gebiedskomitee: Eiendomme en Terreine

Neem asseblief kennis dat die Gebiedskomitee: Eiendomme en Terreine daar is om te help met enige kwessies oor terreine en eiendomme, ter ondersteuning aan die bestuursliggaam aan wie die eiendom behoort. Die komitee sluit in die AGL Finansies, Constantine Varley, Jan Palm, uit hoofde van hul posisies GL Anton Erwee en GS Juanine Kok, ons lid op die direksie van die Voortrekker Maatskappy, Tertius Pool, en dan die voorsitter van elke bestuursliggaam aan wie eiendomme behoort of wat eiendomme bestuur.

## 6. Bemarking

*AGL Johan Maree*

So vinnig soos die spreekwoordelike blits is die eerste kwartaal daarmee heen. Voor ons ons oë kon uitvee, is ons reeds besig met kwartaal twee. Baie dankie vir elkeen wat ons Beweging bemark; bewustelik met daadwerklike stappe of onbewustelik deur met jul dade, gedrag en voorbeeld die beeld van die Voortrekkers te bevorder.

### 6.1 Kampe

Dit was wonderlik om te sien hoe lede die afgelope kampaktiwiteite met ouers, medeoffisiere, kinders en almal wat belangstel, gedeel het. Ons was daagliks bederf met ‘n fees van foto’s en stories op sosiale media. Baie dankie vir almal wat die bietjie ekstra moeite ingesit het om toe te sien dat ‘n foto geneem en versprei word. Oord- en Kommandoleiers moet nou asseblief verantwoordelike persone taak (indien dit nog nie gebeur het nie) om hierdie ongelooflike vergunning wat ons kinders beleef, met almal te deel. Stuur asseblief berigte en goeie kwaliteit foto’s deur aan jul plaaslike gemeenskapskoerante. Onthou om gesigte te merk en name ook deur te gee. Plaas ook aan die einde van jul berig kontakbesonderhede.

### 6.2 Nuwe lede

Nou ja, ons het suksesvolle bemarking gedoen in kwartaal een en ouers en kinders gewerf en selfs nuwe kommando’s gestig. Fantasties! So nou moet ons voortgaan om hierdie lede te behou met aantreklike en onvergeetlike Voortrekkeraktiwiteite. Ons moet nie stilstaan nie, ons moet die “Voortrekkers Vorentoe” neem.

### 6.3 Trek voort

Ons mark het nou reeds gesien wat bied Die Voortrekkers die kinders en ek wil vertrou dat kinders nou eers sal wil aansluit. Bemark voort asseblief. Ek herinner julle weer daaraan dat daar steeds ‘n skatkis van bemarkingshulpmiddels op die Voortrekkers se amptelike webblad is. Teken aan op SAS, gaan na Dokumentasie, dan Inligting en dan Bemarking.

### 6.4 Facebook

Kaapland is steeds besig om daadwerklik met sosiale media (veral Facebook) soveel as moontlik huisgesinne, organisasies, groepe en/of persone te bereik. Kommando’s wat Facebook bladsye bedryf, moet onthou dat dit hoofsaaklik die ouers is waarmee ons op hierdie platform kommunikeer. Kaapland se nuwe Facebook blad-lede het verdriedubbel sedert ons laaste omsendbrief. Dankie vir almal se “deel”. Indien julle oulike foto’s en staaltjies van ‘n kamp/aktiwiteit het, stuur asseblief deur sodat ons dit met almal kan deel op ons blad.

Beste groete en dankie vir jul diens.

## 7. Staatmakers

*GSD Susann Marais*

Die eerste kwartaal het verby gevlieg met prettige aktiwiteite soos Vlotvaart en verwelkomingsbraai’s. Daarby het van staatmakers ook by die P/D-kampe gaan uithelp tydens die April-vakansie.

Ons stuur binne die volgende 2 weke almal se Kaapland staatmakerhemde en dan sal ons definitief in die volgende skrywe foto’s plaas van hoe spoggerig ons lyk.

Ons sien natuurlik uit na al die aktiwiteite wat nog voorlê.

## 8. Algemeen

**Kosallergieë vir kamp bestuur en spyseniering**

Die Wes-Kaapse Opleidingskomitee het tydens hulle laaste vergadering kosallergieë bespreek en dit goedgedink om ’n kort berig te skryf wat kampleiers en kampspyseniers kan help in die beplanning van ’n kamp ten einde kosallergieë korrek te hanteer. Die dokument is as bylae tot die omsendbrief ingesluit.

Voortrekkers Vorentoe…Hou Koers!
Die Gebiedsdagbestuur